# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

**NUUSBRIEF**: 9 10 - 17 Maart 2023

**TROMPSBURG GALA**

Baie geluk aan al die swemmers wat deelgeneem het aan die Trompsburg gala met hulle pragtige uitslae. Prestasies vir die dag was as volg:

- Ignus Jacobs – Senior Victor Ludorum
- Luan Bester – Junior Victor Ludorum

Medaljes: Goud – 15
Silwer – 11
Brons - 15

Ons is baie trots op al hierdie prestasies.

**ATLETIEK**

Baie geluk aan Chanlè Jacobs wat 'n 2'de plek behaal het in verspring tydens die Vrystaat atletiekbyeenkoms op Saterdag, 4 Maart in Bloemfontein. Sy is ook ingesluit in die Vrystaat atletiekspan wat op 19-21 Maart in Pietermaritzburg gaan plaasvind.

**TOUTREK**

Baie sterkte aan al die toutrek kinders wat Saterdag, 11 Maart, aan die streekskampioenskappe hier by Jakkies gaan deelneem.

**RUGBY- EN NETBAL TOER**

Ons vra asseblief dat alle toergelde teen Maandag, 13 Maart by die finansiële kantoor betaal moet wees, asook die koeverte met die sakgeld moet by die sekretaresse ingehandig word.
Baie sterkte aan die leerders wat gaan toer. Weet julle sal Jakkies se naam hoog hou.

**KOEKIEVERKOPING**

Die Graad 6 klas hou Maandag, 13 Maart 'n koekieverkoping. Leerders word aangemoedig om 'n geldjie skool toe te bring ter ondersteuning van die Graad 6'e.

**SWEMBAD BESPREEK**

Die swembad is op Saterdag, 11 Maart, die hele oggend gesluit tot 13:00 die middag weens 'n privaat funksie.

**OUERS EN LEERDERS**

Ouers moet asseblief nie 'n leerder op sy eie aanvat of konfronteer nie. Daar is stappe wat gevolg moet word. Meld asseblief die saak by die kantoor aan voor u optree.
Ouers moet ook asseblief eers aanmeld in die voorportaal voor hulle deurgaan na klasse toe.
Geen ouer mag direk na 'n kind se klas toe gaan nie.

**BIBLIOTEEKBOEKE**

Alle uitstaande biblioteekboeke moet teen Maandag, 13 Maart ingehandig wees.

**KOSHUISFOOIE**

Koshuisfooie moet asseblief op datum betaal wees. Kinders wie se gelde agterstallig is teen Maandag, 13 Maart, sal nie weer in die koshuis toegelaat word nie.

**JOS GLASBOTTELS**
Jakkies Opwaarts sentrum is opsoek na glasbottels met ‘n skroef prop. Hulle wil die leerders leer om konfyt te kook en in te lê. Indien u bottels het, kan u dit asseblief vir ons bring. Klein, medium en groot bottels is welkom.

**AMESA**
Leerders wat ingeskryf het, skryf op Woensdag, 15 Maart, om 15:00, in Juffrou Vanita se klas.

**KAMMALAND**
Laerskool leerders mag nie na Kammaland toe gaan nie. Ouer boeties en sussies is nie verantwoordelik om jonger boeties en sussies by die skool af te gee en te kom haal nie.
Dit is die verantwoordelikheid van die ouer of ‘n ander volwassene.
Die klein hekkie by Kammaland is slegs vir die gebruik van Kammaland kinders, ouers en personeel. Jakkies Opwaarts Sentrum gebruik ook die klein hekkie op die dae wat hulle kinders hierheen kom.

**KORTFILM**
Dis vir ons ‘n groot voorreg dat Elri de Waal deel is van die Speeltoneel kortfilm projek saam met ABS Produksies. Elke student was gekies uit duisende deelnemers. Dit is ‘n 4 maande kursus saam met akteurs soos Desire Gardner, Vilje Maritz en Izak Davel.
Elke student speel ‘n rol in die kortfilm, die film word uitgesaai op Nasionale televisie. Die opname van die kortfilm vind plaas op 13 – 14 Maart. Baie sterkte Elri!

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

## ***GEBEDSLYS:***

*Marinda van der Walt (Pa siek)*
*Marisan Jacobs (Pa siek)*
*Toerkinders en personeel*

• Paasfees Bestellings •

Verf jou eie Paasfees royal icing eiers
(6 eiers met verf pallet 4 kleure en kwas)
Slegs 30 beskikbaar @ R120

Pyo Paasfees koekie & kwas
(Hasie/Kuiken) @ R25

Mini Koekies @ R20
(Hasie/stert/kuiken)

Beperkte hoeveelheid beskikbaar

Aflewering 13 - 24 Maart
Jacobsdal/Kimberley/Modderrivier

Jolandi 0714104779

# Jakkies Netbalkliniek

Aangebied deur : P du Raan en L Bann

Dinsdag 14 Maart
Gr.1-3: 14:00-15:30
Gr.4-7: 15:30-17:00
Doele: 17:00 -17:30

Bring jou pet , water en baie energie en kom geniet die middag!!

Ouers welkom!!

# Streekskampioenskappe
# te Jacobsdal Laerskool
# 11 Maart 2023

Hiermee word alle Klubs hartlik uitgenooi na die Streekskampioenskappe te Jacobsdal

**Program:** Skaal Open : 06:30 tot 08:30 ( Inweeg, stamping en loting )

**Opening: 09:00**

( nie-amptelike trekvolgorde ) **5kg toleransie op gewigte**

230kg o/10

280 ; 320 ; 360 ; 400 ; 440 o/13

440 ; 480 ; 520 ; 560 ; 600 ; 440 D ; 480 D ; 520 D ; 520 mix o/19

**Afsluiting en Uitslae :** Na afloop van kompetisie

Hoofskeidsregter : Johan Koen JNR (076 933 0991)

Snoepie en heerlike verversings word verskaf. Van die lekkernye te koop:

| | |
|---|---|
| Jaffels | R 15.00 |
| Pannekoek | R 5.00 |
| Sosaties: Bees | R 25.00 |
| Sosaties: Hoender | R 25.00 |
| Worsbroodjies | R 20.00 |
| Kerrrie en Rys | R 25.00 |

Julle ondersteuning word waardeer en maak die kompetisie ‘n sukses